# Sport en Oefenkunde

## Praktiese Assesseringstaak (PAT)
## Graad 12 – 2026

# Raamwerk vir die Praktiese Assesseringstaak

IEB Copyright © 2026

Die raamwerk vir die Praktiese Assesseringstaak (PAT) word hier verskaf.

Binne die parameters van die onderwerp, sal leerders **die impak van regstellende oefenprogramme en -drille op die prestasie van atlete ondersoek nadat Funksionele Bewegingsevaluering (FBE) uitgevoer is**.

| KOMPONENTE | INHOUD | PUNT | VOORGESTELDE TYDRAAMWERK |
|---|---|---|---|
| **Plan van aksie** | Die metodologie wat die leerder beplan om te volg, is duidelik uiteengesit met al die besonderhede van wat gedoen gaan word, deur wie, wanneer, waar en hoe.<br>Hierdie is 'n werksdokument. | 8 | 2 weke |
| **<u>Fase 1</u>**<br><br>**Vraelys/Opame om atlete te kies** | 'n **Vraelys** word ontwerp en navorsing word gedoen om vier atlete te kies om aan die taak deel te neem.<br><br>Die vraelys moet aan die volgende formaat voldoen:<br>• Geskikte uitleg<br>• Verduidelikings en instruksies aan atlete oor hoe om die vraelys te voltooi<br>• Relevante, toepaslike en ondubbelsinnige vrae<br>• Logiese orde<br>• Verskillende vraagtegnieke wat gebruik word | 4 | 1 week |
| **Terugvoering**<br>**Die onderwyser moet die plan van aksie en vraelys hersien en, indien nodig, gee voorstelle oor hoe om dit reg te stel.** | | | |
| **Versamel voltooide vraelyste vir bewyse** | Al die voltooide vraelyste vir geselekteerde atlete moet in die hoofdeel van die taak verskyn.<br>Al die voltooide vraelyste vir die **nie-geselekteerde** atlete moet in die **Bylaag** van die taak verskyn. | 4 | 1 week |

IEB Copyright © 2026

| | | | |
|---|---|---|---|
| ***Assessering en voorleggingspunt***<br>**Die sperdatum vir indiening van die voorlopige Fase 1 is 20 Maart 2026.**<br>• 'n Fase 1 voorlopige puntelys (Excel-formaat verkieslik) wat elke leerder se punt insluit, moet aanlyn by die IEB Vakspesialis: Mnr R. Henning by henningr@ieb.co.za ingehanding word.<br>• Kies drie leerders se Fase 1-gedeelte van die PAT en e-pos dit na henningr@ieb.co.za. Kies die beste, middelste en laagste leerder PAT's. | | | |
| **Data-analise** | **Ontleding en interpretasie** van die voltooide vraelyste en moontlike onderhoude is verskaf.<br>Vier atlete is gekies en die inligting wat hulle verskaf het, is geanaliseer om redes vir hulle keuse te identifiseer. | 8 | 2 dae |
| **<u>Fase 2</u>**<br><br>**Voer voorgeskrewe basislyn FBE uit** | Elk van die vier atlete moet die volgende sewe toetse wat by die FBE betrokke is, ondergaan:<br>• Diep hurksit<br>• Hekkie-trap<br>• In-lyn stapuitstoot<br>• Skouermobiliteit<br>• Aktiewe reguitbeen-lig<br>• Rompstabiliteit-opstoot<br>• Rotasiestabiliteit<br>Die toetse word onafhanklik deur die kandidaat uitgevoer en die volgende vaardighede word getoon:<br>• Tydbestuur<br>• Professionalisme<br>• Logiese werkvolgorde<br>• Grondige kennis van toetsprosedure<br>• Duidelike verduideliking van elke toets aan die atleet<br>• Geskikte gebruik van toerusting | 4 | 1 week |
| **Fotografiese bewyse van toetse** | Bewyse van twee toetse wat uitgevoer is per atleet is verskaf en korrek geëtiketteer. (Nota: Slegs twee foto's per atleet word benodig.) | 2 | |

IEB Copyright © 2026

<table>
<tr><td>Ontwerp oefenprogram</td><td>'n Oefenprogram word ontwerp om by elke atleet en hul spesifieke behoeftes te pas.<br>Elke program word aan die individuele atleet verduidelik.<br>'n Ondertekende verklaring deur elke atleet wat dit bevestig, word by die ontwerp ingesluit.<br>Elke oefenprogram moet ingedien word.<br>'n Toestemmingsbrief om aan die program deel te neem, word deur die ouers van elke atleet wat onder 18 jaar oud is, verskaf.</td><td>40<br>(10 punte per program)</td><td rowspan="3">2 weke</td></tr>
<tr><td>Bewyse van oefenprogramme</td><td>Die programme word voorsien.</td><td>4<br>(1 punt per program)</td></tr>
<tr><td>Skep 'n dagboek</td><td>'n Gebruikersvriendelike daaglikse dagboektemplaat word ontwerp vir die atlete om te voltooi.<br>Die dagboek vereis dat vrae daagliks gevra moet word.</td><td>4</td></tr>
<tr><td colspan="4">Op hierdie punt neem die atlete aan in drie weke van oefening deel.</td></tr>
<tr><td>Versamel voltooide dagboeke</td><td>Die voltooide dagboeke word as bewyse verskaf.</td><td>2</td><td>3 dae</td></tr>
<tr><td colspan="4">Assessering en voorleggingspunt<br>Die sluitingsdatum vir indiening van die voorlopige Fase 2 is 26 Mei 2026.<br>• 'n Fase 2 voorlopige puntelys (Excel-formaat verkieslik) wat elke leerder se punt insluit, moet aanlyn aan die IEB-vakspesialis: Mnr R. Henning by henningr@ieb.co.za ingedien word.<br>• Kies drie leerders se Fase 2-gedeelte van die PAT en e-pos dit aan henningr@ieb.co.za. Kies die hoogste, middelste en laagste leerder PAT's.</td></tr>
<tr><td><u>Fase 3</u><br><br>Post-toets</td><td>Die verskeie toetse word deur elk van die vier atlete herhaal. Bewys van elke toets wat uitgevoer word, word verskaf.</td><td>Geen punte word hier toegeken nie.</td><td>2 dae</td></tr>
</table>

IEB Copyright © 2026

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Tevredenherdopname/ -vraelys om geskiktheid van oefenprogram te bepaal** | 'n Atleet-tevredenheidsvraelys is saamgestel.<br>Vrae moet oor die volgende vra:<br>• Die agehele gerief van die oefenprogram<br>• Die algehele aantreklikheid van die program<br>• Die algehele doeltreffendheid van die program (d.i. het prestasie verbeter?)<br>• 'n Beoordeling van die program | 4 | 4 dae |
| **Versamel voltooide vraelyste** | Die voltooide vraelyste word as bewys verskaf. | 2 | 3 dae |
| ***Assessering en voorleggingspunt***<br>**Die sluitingsdatum vir indiening van die voorlopige Fase 3 is 26 Junie 2026.**<br>• 'n Fase 3 voorlopige puntelys (Excel-formaat verkieslik) wat elke leerder se punt insluit, moet aanlyn aan die IEB-vakspesialis: Mnr R. Henning by henningr@ieb.co.za ingedien word.<br>• Kies drie leerders se Fase 3-gedeelte van die PAT en opgelaai na OneDrive. Kies die hoogste, middelste en laagste leerder PAT's. | | | |
| <u>**Fase 4**</u><br><br>**Analiseer en evalueer die oefenprogramme** | Die doeltreffendheid van die programme word geëvalueer deur gebruik te maak van inligting wat uit die onderhoude verkry is en toetsresultate wat vergelyk is. | 8 | 1 week |
| **Gevolgtrekking** | 'n Bondige gevolgtrekking word verskaf wat:<br>• 'n verband trek tussen die aanvanklike inligting wat ingesamel is en die finale uitkoms;<br>• direk verband hou met die onderwerp;<br>• sterkpunte van die proses wat gevolg is, identifiseer;<br>• beperkings erken; en<br>• aanbevelings maak vir verbetering. | 4 | |

IEB Copyright © 2026

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Organisasie en uitleg** | Die leerder se finale taak word net een keer geassesseer en **moet duidelike bewys toon van die onderwyser se nasienwerk.**<br>Die finale taak moet aan die volgende tegniese kriteria voldoen:<br>• Alle komponente in die raamwerk is ingesluit.<br>• Die finale dokument moet getik word in Arial, lettergrotte 12.<br>• Opskrifte moet in lettergrootte 14 wees.<br>• 'n Bronnelys moet verskaf en korrek geformateer word.<br>• Die teks is geredigeer en spelling en grammatika is deeglik nagegaan.<br>• Alle foto's is van 'n datum voorsien en op die toepaslike plek in die lêer geplaas.<br>• Al ongebruikte, maar voltooide vraelyste word by 'n bylaag ingesluit.<br>• Enige werk wat in die beplanning/ruwe ontwerp gebruik is, maar deur die onderwyser as nie geskik vir die finale taak beskou word nie, word in 'n bylaag as bewys van die proses ingesluit. | 2 | |

IEB Copyright © 2026